# ONS GEBEDE KAN ’N VERSKIL MAAK[1]

Sendelinge is strategies in die bereiking van die onbereiktes, maar hulle effektiwiteit word dikwels belemmer deur onvoldoende versorging. Of dit is om te gaan en of is dit is om die wat gaan (ons sendelinge) te ondersteun en versorg – elkeen is geroep om op ’n unieke manier betrokke te wees by hulle wat nog nie die Evangelie gehoor het nie. God het ons as mense gekies om medewerkers in Sy Koninkryk te wees.

Serving through Caring
Member Care
Southern Africa (NPC)

Dikwels sien ons net die een kant van sendeling-wees raak: om geroep te wees en te gaan. Ons is geneig om te vergeet van die harde realiteite: om ver weg te wees van familie en vriende, kinders wat moet agterbly om skool te gaan, jare van bediening voordat ‘n deurbraak gesien word en sendelinge wat uitbrand. Natuurlik is daar is ook die vreugde-oomblikke wanneer sendelinge God se Genade, voorsiening en omgee so duidelik beleef.

Een manier hoe ons ’n verskil in ons sendelinge se lewens kan maak, is deur vir hulle te bid.

***Neem kennis: Indien sendelinge in ’n sensitiewe gebied of geslote land werk, wees asb. baie versigtig met die verspreiding van inligting.***

## *I. <u>Hoe om vir sendelinge te bid:</u>*

1. Bid vir elke individu in die gesin. Noem spesifieke behoeftes.
2. Kies ’n “sendeling van die maand” of “sendeling van die week” en bid vir hom/haar in eredienste, kinderkerk, gebedsbyeenkomste ens.
3. Noem spesifieke gebedsbehoeftes van die sendelinge in die kerk se nuusbrief of bulletin. Onthou asb. dat persoonlike en sensitiewe inligting vertroulik hanteer moet word en nie sonder die sendelinge se toestemming gedeel mag word nie.
4. Moedig individue en gesinne aan om by hulle huise vir die sendelinge en hulle gesinne te bid.
5. Identifiseer met jou sendelinge. Wanneer jy eensaam voel, bid vir sendelinge wat dalk ook eensaam is; wanneer jy seerkry beleef, bid vir sendelinge in hulle seerkry en teleurstellings en wanneer jy bemoedig word, verheug jou saam met die sendelinge vir die deurbrake wat hulle beleef.
6. Kommunikeer gereeld met die sendelinge. Deel met die sendelinge *dat* en *wat* julle vir hulle bid – dit kan ’n bemoediging vir hulle wees.
7. Onthou sendelinge se verjaarsdae en huweliksherdenkings.

[1] Geskryf deur Marina Prins. Vir meer inligting kontak: Member Care Southern Africa, E-pos: membercaremc@gmail.com, Webtuiste: www.memcare.co.za, Sel: 082 735 2109

## *II.* ***Waarvoor om te bid:***

1. Geestelik: beskerming, persoonlike verhouding met die Here.
2. Emosioneel: frustrasies & laagtepunte.
3. Aanpassing by taal en kultuur, uithouvermoë om die taal te leer.
4. Fisies: gesondheid, beskerming.
5. Vrou: haar rol (haar bedieningsrol is dikwels binne gesinsverband, deur tuisskoling te doen en sy mag voel dat sy nie aktief genoeg is in ander bedieningsgeleenthede nie. Bid vir duidelikheid en vrede oor haar rol).
6. Kinders: dat hulle goeie maats sal hê op die veld, aanpassing by tuisskoling, teen eensaamheid en dat hulle deel van hulle ouers se bediening sal voel.
7. Bediening: groei, deurbrake en uithouvermoë (al is daar nie altyd sigbare vrug op die werk nie).
8. Prakties: visums/werkspermitte, voertuig en finansies.
9. Medesendelinge: goeie verhoudings (sendelinge is dikwels geïsoleerd of onder baie druk – bid dat konfliksituasies en verskille goed hanteer sal word).
10. Land waar sendeling werk: Oop deure, die regering, die onbereikte groepe.

## *III.* ***Deel inligting met ander gemeentelede***

1. Gebruik media: e-pos, webtuiste, "facebook", "blogs" ens. (maak sending interessant vir oud en jonk).
2. Versprei sendelinge se nuusbriewe.
3. Wys 'n video van die sendelinge se werk tydens eredienste.
4. Vertoon 'n wêreldkaart in die kerk met foto's van die sendelinge wat aandui waar hulle werk en woon (*indien hulle nie in 'n sensitiewe gebied of geslote land bly nie*).
5. Maak sleutelhouers, yskas magnete, boekmerke en gebedskaarte met foto's en inligting van sendelinge op en versprei dit onder gemeentelede.
6. Stel 'n brosjure saam met inligting oor die sendeling se bediening en versprei dit in die kerk of dmv van e-pos of webtuiste (*indien hulle nie in 'n sensitiewe gebied of geslote land werk nie*).
7. Stel 'n brosjure saam met inligting oor die land, verskillende kultuur-groepe en die onbereikte groepe in die gebied waar die sendeling werk (*indien hulle nie in 'n sensitiewe gebied of geslote land werk nie*).

*Die belangrikste: Wees 'n vriend!*
*Soms is die belangrikste versorging wat ons kan gee,*
*'n oor wat luister,*
*'n hart wat omgee*
*en 'n hand op die skouer wat sê:*
*"Ons gee om en bid vir jou."*